

NG HULP EN HOOP

Belydenisaflegging

3 November 2024

Jongmense wat
Belydenis van Geboef aflê:

Artise Blignaut

Isabel Blumegger

Marlé Botha

Stephan Botha

Rudolf Brittz

Kian Du Plessis

Lianka Du Toit

Ashley Engelbrecht

Jhemma Forssman

Miqke Joubert

Marie-Louise Le Roux

Isabel Peens

Jonika Pretorius

Dané Schamrel

Juan Van Staden

TEKS :

1 Korintiërs 3 : 1-9

TEMA :

Groei verder in jou
gelooft!

Liewe Jongmens,

Om jou geloof te bely, beteken dat jy met die mond bely wat jy ook met die hart glo, naamlik dat Jesus die Here is. Dit beteken dat jy die evangelieboodskap aanvaar, belydenis doen van jou sonde en in Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker glo. Hierdie geloof is 'n antwoord op die vernuwende werking wat God in ons begin het. Van hierdie werking van God is die doop 'n teken en seël. Gelowiges (en gelowiges se kinders) moet gedoop word omdat God daardeur aan ons verkondig:

- Dat Hy ons in sy verbond insluit, ons tot sy kinders aanneem en ons deel laat hê in al die voorregte van die verbond
- Dat ons deur die doop verbind word aan Christus wat ons sonde deur sy bloed afgewas het.
- Dat ons ou, sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak word sodat "ons vir die sonde dood is en vir God lewe" (Rom 6:11)
- Dat ons deur die doop ingelyf word in die kerk van Jesus Christus en dat ons daarin as lewende lidmate van Christus en met mekaar lewe.
- Dat ons as gedooptes die Here uit dankbaarheid met ons hele wese moet liefhê, vertrou en dien, en
- Dat die Here ons deur die doop verseker dat Hy deur sy Gees in ons kom woon en ons lewens daagliks so regeer en so nuut maak dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

Dié wat as kinders gedoop is, word opgeroep om die beloftes van God wat daarin vervat is, in die geloof te aanvaar en dit in die openbaar voor die gemeente te bely. Dié wat nie as kinders gedoop is nie, maar Tog glo dat hulle deur God verlos is, moet ook gedoop word sodat hulle sonder twyfel mag weet dat hulle ingelyf is by Christus en sy gemeente. Hulle word egter eers gedoop nadat hulle openbare belydenis van geloof afgelê het.

EK
GLO

Leef die storie van die Bybel
om meer soos Jesus te word!

Daarom word elkeen van julle (die wat as kinders gedoop is en wat gedoop gaan word) gevra om opreg voor God en die gemeente op die volgende vrae te antwoord

1. Glo jy dat die Bybel die waarheid is, en dat Jesus Christus die enigste Verlosser is deur Wie ons die nuwe lewe kan kry?
2. Beloof jy om, deur God se genade, vir die res van jou lewe getrou te wees aan die belydenis wat jy vandag aflê? En sal jy alle leringe wat nie met die Bybel ooreenstem nie, verwerp?
3. Het jy vir Jesus Christus gekies as jou persoonlike Verlosser, en het jy Hom lief? Beloof jy om deel te neem aan die werksaamhede van die kerk?
4. Beloof jy om jouself te onderwerp aan die kerklike tug deur saam met die ander gelowiges van die gemeente, vir mekaar om te gee en te sorg?

Die Apostoliese Gelofsbelijdenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
Skepper van die hemel en die aarde;
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun,
onse Here; Wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;

Wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is,
en ter helle neergedaal het;

Wat op die derde dag weer
opgestaan het uit die dode;
Opgevaar het na die hemel,
en sit aan die regterhand van God,
die Almagtige Vader;

Van waar Hy sal kom om te oordeel
die lewende en die dode.

Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees,
En 'n ewige lewe.

Gebed

Here Jesus, my Verlosser en Saligmaker,
dankie dat ek hierdie heilige oomblik mag
beleef waar ek nou in u huis voor U staan,
gereed om my geloof te bely.

Ek dank U vir almal wat my in liefde tot
hiertoe gelei en begelei het:
my ouers, familieleden en vriende,
onderwysers en leraars.

Ek weet nou, heilige Meester, dat die
aflegging van geloofsbelydenis nie 'n einddoel
is nie, maar slegs die vertrekpunt tot 'n nuwe,
opwindende lewe van diens en geestelike
groeï.

Ek smee U om my te help sodat ek
entoesiasties vir Christus sal wees,
my hele lewe lank:
dat ek Bybelstudent sal bly sodat ek u Woord
suiwer sal kan gebruik:
dat ek biddend aan u voete sal bly
om my kommunikasie met U elke dag
onafgebroke en hartlik te hou;
dat ek koningskind sal bly - 'n lewende,
heilige, God-welgevallige offer;
dat ek kerkgetrou sal bly sodat u dag vir my
waarlik 'n geestelike feesdag sal bly en die
sakramente as bemoediging
en versterking sal dien;
dat ek meelewend en aktief sal bly
sodat ek my Here en my medemenses deur u
kerk kan dien.

Neem u Heilige Gees nooit van my af weg
nie, Vader, want dan sou ek totaal
kragteloos wees.

Ek bely hier en nou:
U is onwrikbaar my Verlosser,
ek is onlosmaaklik u kind.
Die leer wat ek bely is die
onveranderlike waarheid,
gegrond op u ewige Woord.
Here Jesus, U weet alles!
U weet dat ek U hartlik liefhet!

Mag hierdie liefde in my lewe, my diens en
in my kerk sigbaar wees, tot eer en
verheerliking van u
nooit volprese Naam

Amen